

## Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2019/12/09		DATUM 2019/12/06		+ - WEEK GELEDE 2019/12/02		+ - MAAND GELEDE 2019/11/11		+ - JAAR GELEDE 2018/12/10				
	Data		Data		Data		Data		Data				
	Δ	Δ%	Δ	Δ%	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data			
Brent (\$/b)	64.14	0.93 ↑	1.5%	63.21	↑	5.6%	60.72	↑	2.6%	62.51	↑	6.8%	60.06
US\$: ? ZAR	14.60	-0.06 ↓	-0.4%	14.66	↓	-0.3%	14.65	↓	-2.2%	14.93	↑	1.7%	14.35
ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 2 105.96	-3 ↓	-0.1%	R 2 108.85	*CBOT Dec cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Corn Dec + -12 : 00 the previous day								
ΔCBOT Koring 8vm : 12nm*	R 2 856.10	-10 ↓	-0.3%	R 2 865.69	*CBOT Dec cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Wheat Dec + -12 : 00 the previous day								
ΔCBOT Soja 8vm : 12nm*	R 4 771.26	20 ↑	0.4%	R 4 751.01	* CBOT Jan cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Soybeans Jan + -12 : 00 the previous day								
<b>Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige handelingsdag)</b>													
Mielies Dec '19	366.40	1.00 ↑	0.3%	365.40	↓	-1%	371.20	↓	-3%	377.20	↓	-9%	402.20
Koring Dec '19	532.40	0.40 ↑	0.1%	532.00	↓	-3%	547.20	↑	4%	510.20	↓	-5%	558.50
Sojabone Nov '19	889.40	7.40 ↑	0.8%	882.00	↑	2%	870.40	↑	-3%	917.00	↓	-8%	965.60
<b>Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige handelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))</b>													
SORGHUM Spot '19	3469.00	0 ↑	0.0%	3469.00	↑	0.0%	3469.00	↑	0.0%	3469.00	↓	-6.2%	3700.00
WMAZ Spot	2687.00	16 ↑	0.6%	2671.00	↓	-5.4%	2841.00	↑	3.4%	2598.00	↓	-3.7%	2789.00
WMAZ Mar '20	2696.00	22 ↑	0.8%	2674.00	↓	-6.4%	2881.00	↑	1.6%	2653.00	↓	-2.9%	2776.00
YMAZ Spot	2634.00	0 ↑	0.0%	2634.00	↓	-4.0%	2745.00	↑	1.7%	2591.00	↑	0.6%	2618.00
YMAZ Mar '20	2640.00	-2 ↓	-0.1%	2642.00	↓	-4.3%	2759.00	↑	0.5%	2627.00	↓	-0.8%	2660.00
SOY Spot	6134.00	14 ↑	0.2%	6120.00	↑	3.0%	5954.00	↑	1.6%	6040.00	↑	26.8%	4836.00
SOY Mar '20	6099.00	9 ↑	0.1%	6090.00	↑	1.7%	5995.00	↑	0.7%	6055.00	↑	23.1%	4956.00
SUN Spot	5540.00	30 ↑	0.5%	5510.00	↑	2.3%	5414.00	↑	4.6%	5297.00	↑	2.3%	5415.00
SUN Mar '20	5615.00	52 ↑	0.9%	5563.00	↑	1.2%	5551.00	↑	4.1%	5393.00	↑	4.5%	5375.00
WHEAT Spot	4390.00	5 ↑	0.1%	4385.00	↓	-0.1%	4395.00	↑	1.3%	4334.00	↑	2.1%	4300.00
WHEAT Mar '20	4476.00	-8 ↓	-0.2%	4484.00	↓	-0.7%	4509.00	↑	0.0%	4475.00	↑	1.6%	4406.00
OLIESADE (US\$/ton)	2019/12/06	Bron: Oilworld			2019/11/29	2019/03/22	2018/04/30						
Soya-oil, Arg.	717	↑	3.3%	694	↑	5%	685	↑	6%	676			
Soya-pell, Arg.	318	↑	0.0%	318	↓	-2%	326	↓	-14%	368			
Soybean, USA	369	↑	0.0%	369	↓	-3%	379	↓	-10%	410			
USA Runner 40/50	1400	↑	0.0%	1400	↑	8%	1300	↑	8%	1300			
Sun-oil, Arg.	720	↑	0.7%	715	↑	8%	665	↓	-10%	800			
Sun-oil, Black Sea	735	↑	1.4%	725	↑	9%	675	↓	-2%	750			
Sunseed,Black Sea	375	↑	1.4%	370	↑	1%	370	↓	-8%	409			
Rapeseed, EU cif	442	↑	3.5%	427	↑	6%	417	↑	11%	399			
Palm oil Mal, EU	885	↑	6.6%	830	↑	23%	720	↓	-15%	1037			
<b>JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE</b>													
<p><b>Sojabone:</b> In die internasionale sojaboonmark het die verbruik en uitvoere van sojabone vanaf die 6 grootste sojaboon produserende lande 'n nuwe rekord vlak bereik tussen September en November 2019. Die is meer as wat die algemene verwagtinge in die mark was en dit het die internasionale voorraad verlaag. Die uitvoere vanaf veral die Suid-Amerikaanse lande asook die Oekraïne het skerp toegeneem gedurende Oktober en November met China wat die grootste aankoper van sojabone was. Alhoewel China se verwerking van sojabone laer is hierdie seisoen was hulle invoere hoog wat vir China met surplus sojabone laat vir die seisoen. Daar was ook die laaste tyd 'n skerp toename in die vraag na sojaboon olie en meel. Die sojaboon olie vanaf die VSA en Suid-Amerika het meer kompetierend begin raak in die internasionale markte nadat die palm olie mark die afgelope tyd goeie ondersteuning gevind het. In Argentinië is die weerstoestand steeds ongunstig vir die sojabone wat reeds geplant is. Dit belemmer ook die verdere aanplantings om optimaal plaas te vind. Die sojaboon aanplantings in Argentinië word op 49% voltooi gerapporteer teenoor verlede seisoen se 54% voltooi teen dieselfde tyd van die seisoen. In Brasilië is die weerstoestand nou meestal gunstig. Die seisoen het ook moeilik begin met die aanplantings wat aanvanklik vertrap was, maar die weer het begin draai en is nou weer meer gunstig. Daar is wel nog gedeeltes waar dit redelik droog is maar die vooruitsigte vir Desember lyk gunstig. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike sojaboonmark het verlede week ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.</p> <p><b>Sonneblomsaad:</b> Die sonneblomsaad verwerking in Rusland het goeie momentum begin kry en die hoeveelheid sonneblomsaad wat gedurende Oktober gepers was, het 'n nuwe maandelikse rekord bereik. Die buitengewone hoë verwerking en uitvoere van sonneblomsaad het die pryse van sonneblomsaad in Rusland ondersteun. In die Oekraïne vind die verwerking van sonneblomsaad ook teen 'n rekord tempo plaas en dit ondersteun die uitvoere van beide sonneblom olie en meel vanaf die Oekraïne. In die VSA is die stroop proses van sonneblomsaad steeds aansienlik stadiger as die normale tempo. Die USDA het gerapporteer dat 65% van die Amerikaanse sonneblomsaad reeds gestroop is teenoor die 5 jaar gemiddelde tempo van 94% voltooi teen dieselfde tyd van die seisoen. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week ondersteuning gevind en het meestal sterker verhandel vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.</p> <p><b>Kanola:</b> In Australië is daar tans baie onsekerheid rakende die werklike grootte van die oes. Die skattings wat tans gedoen word tussen 1.8 en 2.2 miljoen ton. Die Australiese produksie vir die seisoen is redelik laag as gevolg van ongunstige weerstoestand wat oor groot gedeeltes van die land geheers het gedurende die produksie seisoen. Ten spyte van die laer Australiese produksie vir die seisoen is hulle uitvoere steeds redelik goed met China wat baie kanola vanaf Australië af aankoop. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike kanola produksie vir die seisoen was baie wisselvallig met die weerstoestand in die Weskaap wat ongunstig was hierdie seisoen.</p> <p><b>Grondbone:</b> Indië het hierdie seisoen 'n goeie grondboon oes en die verwagting is dat die grondboon uitvoere vanaf Indië hierdie seisoen sal toeneem. In die VSA is die stroop proses van grondbone redelik goed verloop en daar was nie vertragsins in die stroop proses soos met van die ander gewasse nie. <b>Plaaslik:</b> In die plaaslike mark is daar gedeeltes van die land waar die grondbone redelik op tyd geplant kon word. Goeie opvolg reën sal egter steeds belangrik wees terwyl ander gedeeltes van die land nog nie optimaal kon plant nie.</p>													
Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za													